# Musiek.

## WAAROM SUID-AFRIKA AGTER STAAN BY ANDER LANDE.

JAAR in jaar uit hoor 'n mens dieselfde versugting: „Daar bestaan geen musiek in Suid-Afrika nie. Wat daar nog is, word gewaardeer omdat dit deur 'n Afrikaner, of 'n Engelsman wat hom hier gevestig het, geskrywe is, maar vir die buitelander het die op Afrikaanse bodem gewrogte musiek maar min bekoring, met net 'n paar uitsonderings." Van bevoegde kant is daar reeds op gewys dat 'n land onmoontlik 'n eie kuns kan voortbring as die Staat nie met geldelike hulp bystaan nie. Natuurlik, ons weet dat Afrika nog 'n baie jong land is, en uit hierdie oogpunt beskou sou die wens te voorbarig kan genoem word. En tog, as ons bedink wat 'n hoë standpunt dié lande inneem wat vir hulle kuns 'n Staat-subsiedie verkry, dan voel ons dat invloedryke persone genader dien te word om alles wat moontlik is in die werk te stel om 'n Staat-subsiedie te verseker.

'n Deel van die musikale publiek deur heel Suid-Afrika wat 'n eie kuns ter harte neem, maar die middele mis om die bevordering aan te moedig, vind dit 'n pragtige geleentheid vir die ryke. Dog ek betwyfel of die ryke daarvoor te vinde is; hulle kies gewoonlik 'n ander terrein vir hulle weldade. En tog, 'n nasie wat sy talentvolle mense geen aanmoediging gee nie, sal ook nooit 'n eie kuns hê nie. Met die talentvolle bedoel ek komponiste. Uitvoerende musisie het ons genoeg, maar dis skeppende kunstenaars wat Suid-Afrika nodig het. Die uitvoerende kunstenaars moet nou bykans al hulle musiek uitsluitend van ander lande neem, terwyl 'n artiest van Frankryk, Duitsland, Engeland of Rusland, 'n hele program kan opstel met musiek van sy eie land. Waarom het Rusland gedurende die laaste vyf-en-twintig jaar so op die voorgrond gekom? Omdat omtrent 1865 'n vrye skool opgerig is met die doel om nasionale musiek aan te moedig. Nie een van die komponiste wat op die vrye skool gevorm is, het aanvanklik musiek as sy loopbaan gekies nie, maar die Staat het dié wat talent getoon het, aangemoedig en geldelik gesteun, sodat die uitslag vandag is dat 'n mens vir elke geleentheid 'n ruime greep uit die Russiese musiekvoorraad kan neem. Komponiste soos Borodin, Tschaikovsky, Moussorgsky, Strawinsky, sou miskien nooit bestaan het nie as dit nie was vir die Staat-subsiedie nie.

En Frankryk? Hulle jaarlikse „Prix de Rome" word verstrek deur die Staat. Elke jaar word aan die mees belowende komponis, te oordeel na


Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

ingestuurde werke, 'n verblyf van drie jaar in Rome verskaf. Elke jaar moet hulle bewys lewer, in die vorm van 'n komposiesie van hulle vorderings. Die Staat het aan alle Franse komponiste in hul studietyd 'n „Prix de Rome" toegeken, met uitsondering van César Franck, wat eers op sy vyftigste jaar sy eerste belangrike werk geskryf het: Symfonie, in d mineur. Was dit nie vir die „Prix de Rome" nie, die wêreld sou nooit die „Carmen" besit het nie.

Daar is nie 'n kuns wat so 'n wye en onmiddellike beroep op die mensheid doen as musiek nie. Musiek spreek tot die harte van dié mense wat nooit geleentheid het om die taal van poësie en skilderkuns te leer nie. Onder die volk kan ons duisende mense vind vir wie musiek 'n deel uitmaak van hulle lewe, maar vir wie ander kunste 'n geslote boek is. Musiek is, sonder mededinger, die kuns van die volk, en dis een van die goedkoopste dinge in die wêreld. 'n Subsiedie van die Staat is miskien 'n saak van die toekoms, maar 'n private geldelike steun vir 'n studie van drie jaar in Europa kan 'n seën vir die land word.

Miljoenêrs in Amerika sal enige som geld gee vir kuns. Hulle steun operas, orkeste, garandeer konserte, verskaf veelbelowendes 'n deeglike opleiding, ens.

Want 'n deeglike opleiding, van meet af aan, tot in die kleinste onderdeel is die artistieke taak van hom wat hom geroepe voel om musiek te skep. Die kunstenaar kan nie sonder beheersing of nadink aan sy gevoel die vrye loop laat nie; die kuns eis tweevoudigheid; deur die organisme van sy persoonlikheid moet hy teorie en gees verenig. Skilderkuns en plastiek beeld die stof; die digkuns ontstaan in 'n denkbeeldige voorstelling. Die musiek, egter, kan nie 'n denkbeeldige voorstelling hê nie, ook nie uit stoflike voorwerpe opgebou word nie; dis 'n hoëre openbaring. Gelukkige land wat die waarde hiervan weet te erken! Gelukkige land wat die middele het om geestelike besit gemeenskap van sy volk te maak!

*JOH. LUYT.*

 Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

# Kerkmusiek.

IN die volgende beskouing sal nie die geskiedenis van die kerkmusiek in die algemeen behandel word nie, want om dit ook enigsins kompleet te doen, sal verskeie boekdele nodig wees. Hierdie artiekel sal, met enige klein uitsonderings, beperk bly tot die musiek in gebruik in die Afrikaanse kerke.

*Die Gemeente-gesang, die Koorsang en die Orrelspel.*


Voor ons die drie faktore nader ontleed, sal 'n kort beskouing omtrent die posiesie van musiek in die algemeen by die godsdiensoefening nuttig wees.

Sonder twyfel speel die gesproke woord die belangrikste rol in die diens en dis ook reg. Die gesproke woord sou egter maar in geringe mate die doel bereik (n.l. stigting en opbouing), sonder die hulp van die kuns. Die omgewing b.v. waar die hoorders in is, kan baie aan die stemming af- of toedoen. Is dit 'n mooi, rustige gebou, dan is die stemming gewoonlik reeds ernstig. Die wat 'n aktiewe aandeel aan die kerkdiens neem, soos die predikant, die diakens en die koster, is stemmig aangetrek, want die mens vereis van nature 'n seker mate van harmonie tussen die uiterlike en innerlike.

Daar word heelwat sorg en moeite aan hierdie punte bestee om die kerkdiens aan sy doel te laat beantwoord. Word dieselfde hoeveelheid sorg en aandag bestee aan die musikale gedeelte van die diens? Gevoel die leiers en die gemeente bewus die noodsaaklikheid van goeie en goed versorgde musiek by die diens?

In ons Afrikaanse kerke is die saamsing van die gemeente die belangrikste faktor van die musikale deel in die diens. Waar dit dus die meeste aandag behoort te verkry, sou 'n mens kan verwag, dat die standaard taamlik hoog is. Die teendeel is die geval, en die merkwaardigste is nog wel dat min mense bewus is van die treurige toestand van die gemeentegesang. Dit het naamlik tradiesie geword om die Psalm- en Gesangwysies op 'n seker manier te sing, wat ons in kort as volg kan saamvat. Daar is nie frasering nie; die betekenis van die woorde word totaal verwaarloos; elke lettergreep kry dieselfde toonwaarde, waardeur selfs klemtoon of aksent uitgeskakel word. Alles word ewe hard gesing, en as daar een voorbeeld is waar die gemeente wel sagter sing, dan bevestig die uitsondering juis die waarheid van die bowestaande. Immers, daar is baie gesange wat op dieselfde wysie gesing word; as die toongradering wat van toepassing is op een van die gesange met veel

 Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012



KOTTLER. 8. H. C. HULL (Klei).

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

moeite aan die gemeente geleer is, in 'n geval b.v. waar die eerste paar reëls 'n lofsang en die vervolg 'n gebed is, dan sing die gemeente in die vervolg orals waar dieselfde wysie gebruik word, dieselfde toongradering, of dit nou paslik is of nie. In poësie eindig elke sin nie altyd aan die end van 'n reël nie. Tog hou die gemeente heeltemal op as hul aan die end van 'n reël uitkom, haal diep asem en begin met nuwe moed aan die volgende reël. Dis duidelik dat verder betoog oorbodig is.

Die kerkkoor, waarvan die invoering in ons kerke te danke is aan die invloed van die Engelse kerke, is 'n groot stap in die goeie rigting. Dis nie te verwag dat met die materiaal wat die orreliste ten dienste staan, in so'n kort tyd die ideaal sal bereik word nie. Tog, as alle gemeentelede wat oor 'n draaglike stem beskik en musiek kan leer, hul beskikbaar wil stel, sal die koor 'n baie belangriker plek kan gegee word in die diens. Hul werk behoef dan nie beperk te bly tot een eenvoudige nommertjie per Sondag nie. Daar is 'n skat van gewyde musiek waarvan gebruik gemaak kan word, maar dit sal alleen *dan* kan gedoen word, as die kerkkore bestaan uit *„sangers(esse)"* en onder goeie leiding staan. Die orrelspel, wat ons tenslotte noem, beklee wel die mees beskeie posiesie, wat eensdeels te wyte is aan die oorheersing van die gesproke woord, en ook (gedeeltelik) aan gebrek aan kennis en vaardigheid van die orreliste. Ek haas my om hieraan toe te voeg dat die orreliste daar nie altyd voor te blameer is nie. Die meeste mense verkeer onder die indruk dat, solank iemand 'n psalm of gesang, en bowedien 'n sagte stukkie kan speel by die begin en end van die diens, die persoon geskik is om as orrelis diens te doen. Dis logies dat, hoe laer die eis, hoe laer die trap van vaardigheid.

Dis in kort ongeveer die posiesie van die musiek in die kerk. As ons daar nog byvoeg dat by 'n groot deel van die publiek die musiek by die diens as 'n lukse gereken word, dan meen ons dat ons nie te veel gesê het nie.

Dit gee 'n mens 'n skok as hy daaraan dink dat ons kerke al 'n paar eeue bestaan en die godsdiensoefeninge gedurende al die tyd op byna dieselfde manier gehou het. Maar dit word amper onbegryplik as ons die kerkmusiek van die 15e en 16e eeu bestudeer. Daar vind ons meesterwerke van Palestrina, Orlando Lassus e. a. wat in innige vroomheid, maar ook in kunstige saamstelling hul weerga nie vind nie. En *„daardie"* musiek is deur die kerke gebruik. Waaraan is die geweldige agteruitgang dan toe te skryf? Die antwoord is: „Aan die Hervorming". Voor die Reformasie was die enigste kerk die Roomse kerk. Laat ons sien, watter posiesie die musiek beklee het in die kerk, voor die Hervorming. Die posiesie van orrelis en koordirigent (dikwels ook komponis) was een wat alleen beklee is deur seer begaafde



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

en bekwame manne. Hul het al hul tyd en krag gewy aan die kerkdiens, deur daagliks die koor te oefen, hulself te ontwikkel en gewyde musiek te komponeer. Daar was nie tyd vir privaat werk nie. Die koor het bestaan uit beroepsangers en die gemeentegesang het beperk gebly tot samekomste buite die hoofdiens. Al die faktore in oorweging geneem, is dit begryplik dat die kerkmusiek van die dae tot 'n ongekende hoogte kon opgevoer word.

Toe het die Hervorming gekom met Luther in Duitsland en Kalvyn in Frankryk. (Waar ons kerkmusiek nou verwant is aan die Hollandse, sal 'n ondersoek na die Hervorming in Holland noodsaaklik wees.) Soos bekend is, het die grootste deel van die Hollandse gemeenskap onder invloed van Kalvyn gekom; 'n klein deel onder die van Luther. Luther, wat in prinsiepe nie vir afskeiding was nie, omdat hy 'n oop oog gehad het vir die goeie punte in die R. K., was 'n groot musiekkenner en liefhebber. Dis aan hom te danke dat die Duitse kerk musikaal ver bokant die Kalvinistiese kerke staan. By hulle speel die musiek 'n groot rol in die diens. (B. v. die Liturgie.) Hul gemeentesang is baie beter en die posiesie van orrelies is een wat baie kennis en vaardigheid vereis.

Die Kalvinistiese groep het hulle skerper afgeskei van die R. K. en gepoog om 'n kerk te stig wat so min moontlik aan enige gebruik van die R. K. kon laat dink. So het hulle in die begin daartoe gekom om, in hulle strewe naar soberheid en eenvoud in teenstelling met die R. K. diens, so ryk aan uiterlike vertoon, alles wat uiterlik skoon is, te verwyder uit die diens. Die pragtige kerkgeboue, waardeur soveel kuns en arbeid ten toon gesprei word, is vervang deur kaal, onartistieke geboue. Die simbool van die kruis, wat op alle kerke te vind was, is deur 'n haantjie vervang. (By die Lutherse 'n swaan.) En al die musikale prag van die diens het verdwyn met die afskaffing van die mis. Vir die laaste het in die plek gekom die gemeenskaplik sing van psalms (later ook gesange). Die wysies van die psalms is grotendeels van Franse oorsprong en is oorspronklik ritmies gekomponeer . . . In die loop van die jare, en deur die oormatige gebruik van slegs 'n paar van die melodieë, het die ritme, 'n mens kan amper sê, uitgeslyt en die sinlose, betekenislose gegalm van vandag is die resultaat.

Eerlik gesê, is die musiek wat die Kalvinistiese kerk in die plek gestel het van die gewyde kuns van voor die Hervorming, seker nie 'n verandering ten goede nie. Dit lê nie binne die grense van hierdie beskouing om die skoonheid in die kerk te verdedig nie. Dis 'n kwessie van dogma. Waar ons egter, deur in sekere mate die musiek toe te laat in die kerkdiens, bewys dat dit nie stry teen Kristelike beginsels nie, daar moet ons konsekwent wees en nie tevrede wees met iets minder as die beste nie. Waar die skema van ons



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

kerkdienste nie vergelyk kan word met die van voor die Hervorming nie, daar kan ook die vorm van kerkmusiek nie sonder meer oorgeneem word nie. (Strik beskou is ons dienste nie „Eredienste" nie, maar „Leerdienste".) Dit weer was maklik begryplik in die eerste dae van die Hervorming, toe die mense nog verstandelik ingewy moes word in die betekenis van hul godsdiens. Maar nou dat daar in byna alle lande godsdiensvryheid bestaan, kan die Sondag opsy gesit word vir gods*diens* en kan ander dae gebruik word om die mense te onderwys in skrifverklaring.

As aan die musiek die plek toegeken word in die diens wat dit toekom, dan behoort die diens ongeveer as volg gereël te word:

Die voorspel by die begin van die diens moet deur die orrelis en gemeente beskou word as deel van die diens. Dit behoort n.l. die gemeente in die vereiste stemming te bring, wat dan insluit dat die orrelis en predikant moet saamwerk. Die gemeente moet die stuk rustig aanhoor en nie die geleentheid waarneem om te sit en rondskuif en hoes tot die predikant inkom nie. Elke gesang behoort deur 'n goeie koraalvoorspel voorafgegaan te word. Dis 'n kuns wat hier totaal onbekend is, ja, deur 'n seker deel van die gemeente as ongewens beskou word. Tog is ook dit weer 'n middel tot stigting en opheffing, wat nie ongebruik mag bly nie. Die koraalvoorspele van Bach, Brahms, Reger, Karg-Elart e. a. is voorbeelde wat 'n mens deur improwisasie nie naby kom nie. Maar 'n grondige studie van hierdie werke en die gebruik daarvan op orreluitvoerings, of as inleiding van 'n diens, sal orreliste en gemeente oortuig van die onskatbare waarde van 'n goeie koraalvoorspel. Dit berei die mense voor op die inhoud van die gesang of psalm en sal hul daartoe bring om die lied met aandag en gevoel te sing.

Die gemeentesang moet in een woord „hervorm" word. Dis nie nodig om nuwe wysies te maak nie. Die oues is baie beter as hedendaagse komponiste kan maak. Dit moet net gesing word, soos die komponis dit bedoel het; suiwer gefraseer, die toongradering gereël na die teks.

Die kerkkore moet bestaan uit die beste sangers van die gemeente en hul moenie bang wees vir twee of drie oefenings per week nie.

En die posiesie van orrelis moet — — — maar nee, ek is self orrelis.

*GERRIT BON.*


Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012